

Die feit dat die opposisie (sir John Fraser se Konstitusionele Party) ook die Nasionale Museum-bedrag volmondig ondersteun het, het Burns-Thomson se anti-museum uitsprake ongedaan gemaak. Wolff Ehrlich (Fort Afdeling) het die begroting in sy geheel aangeprys, terwyl C.L. Botha (Stad Afdeling) daarop gewys het dat

die nuwe museum nie net vir Bloemfontein is nie, maar vir die hele land.

Die nuwe Nasionale Museum op die h/v Charles- en Aliwalstraat is in 1915 geopen. Dit het inderdaad tot een van die grootste museums in die land gegroei.



*C.L. Botha, opposisielid in die Wetgewende Vergadering, was sterk ten gunste van 'n nuwe museum vir die Vrystaatse hoofstad.*

*(foto: Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein)*

*Wolff Ehrlich, opposisielid in die Wetgewende Vergadering, het geen beswaar gehad nie teen die £15 000 wat vir die bou van die Nasionale Museum begroot is*

*(foto: Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein)*

**BIBLIOGRAFIE**

HAASBROEK J 1986 *Die rol van Cornelis Hermanus Wessels in die Oranje Vrystaat 1885-1924* Ongepubliseerde D Phil proefskrif Univer siteit van die Oranje-Vrystaat  
*The Friend*, 14 Des 1911  
 VAN DER BANK DA 1987 Die Nasionale Museum van St Georgestraat na Wardenplein *Nasionale Museum Nuus* No 32 24-25  
 Vrystaatse Argiefbewaarplek *Notule Wetgewende Vergadering ORK*, 6 April 1910, pp 226-230

## FOSSIELUITSTALLING OP WINBURG



URANOCENTRODON, 'n uitgestorwe amfibier wat ongeveer 200 miljoen jaar gelede gelewe het, was te Winburg op uitstalling.

'n Uitstalling van Karoofossiele is deur die Nasionale Museum vanaf 1 Februarie tot 15 April in die voorportaal van die dorpsbiblioteek op Winburg gehou. 'n Wye verskeidenheid voorbeelde wat beendere van uitgestorwe amfibiërs, soogdieragtige reptiele, oerkrokodille en dinosauriërs insluit, was te sien. Hierdie fossiele is afkomstig uit gesteentes van die Beaufortgroep wat meer as die helfte van Suid-Afrika se oppervlakte beslaan. Winburg is ook in die Beaufortgroep geleë en die belangstelling wat deur die plaaslike inwoners getoon is, kan dalk lei tot nuwe vondse van fossiele uit die omgewing.